



Jesus se boodskap...

Ps Karl Holz

24 Maart 2013



Lukas 5:27-32 drie groot woorde

²⁷Daarna het Jesus uitgegaan en 'n tollenaar met die naam Levi by sy tolhuis sien sit, en Hy sê vir hom: "Volg My." Hy het alles net so laat lê en opgestaan en Jesus gevolg. Levi het 'n groot feesmaal in sy huis gehou ter ere van Jesus, en 'n groot aantal tollenaars en ander mense het saam met hulle aangesit




³⁰Die Fariseërs, en veral die skrifgeleerdes onder hulle, het by sy dissipels gekla en gesê: "Waarom eet en drink julle saam met tollenaars en sondaars?" Toe antwoord Jesus hulle: "Dié wat gesond is, het nie 'n dokter nodig nie, maar dié wat siek is. Ek het nie gekom om mense wat op die regte pad is, tot bekering te roep nie, maar sondaars."




Jesus se boodskap...

- Matt 4:17 Van toe af het Jesus begin preek en gesê: "Bekeer julle, want die koninkryk van die hemel het naby gekom."
- Markus 1:15 Hy het gesê: "Die tyd het aangebreek, en die koninkryk van God het naby gekom. Bekeer julle en glo die evangelie."



Johannes 3:16

"God het die wêreld so liefgehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê. ¹⁷God het nie sy Seun na die wêreld toe gestuur om die wêreld te veroordeel nie, maar sodat die wêreld deur Hom gered kan word.



"Repentance": From the Greek word: Metanoia

Definition

1. To have another mind,
2. Or change one's mind, attitude and purpose regarding sin.
3. It expresses the radical change in one's attitude toward sin and God

word

Nave defines repentance in Luke as *"a fundamental change in thinking that permanently and radically alters the way things use to be". It requires an abandonment of his former ways of thinking and living" (and for Levi it also required a "complete break with his occupation" (ZECNT)*

word

Soza in Greek = Saved in English
Sozo:
Definition

1. to save a suffering one (from perishing), i.e. one suffering from disease, to make well, heal, restore to health
- b. to save in the technical biblical sense
- c. to deliver from the penalties of the Messianic judgment 1b
- d. to save from the evils which obstruct the reception of the Messianic deliverance

word

John 3:3 Jesus answered him, "Truly, truly, I say to you, unless one is born again he cannot see the kingdom of God."

**Gennao (born)
Anothen (again)
"Born again"**

word

"The concept has been so weakened and diluted of its biblical meaning that people without any concrete evidence of lasting spiritual change are routinely regarded as being "born again Christians." Stephen Fernandes

word

The new birth (or regeneration, to use the theological term) is a radical change of the core disposition and nature of a person that fundamentally transforms both their attitudes and behavior for life.

word

Efesiers 2:1 Julle was dood as gevolg van julle oortredings en sondes ²wat voorheen julle lewenswyse gekenmerk het. Julle het gelewe soos hierdie sondige wêreld en julle laat lei deur die vors van die onsigbare magte, die gees wat daar nou aan die werk is in die mense wat aan God ongehoorsaam is.



word

³So het ons trouens vroeër ook almal gelewe. Ons is deur ons sondige begeertes oorheers en het gedoen net waartoe ons luste ons gelei het en wat in ons gedagtes opgekom het. Vanweë ons sondige natuur sou ons net soos die ander mense deur God gestraf moes word. ⁴Maar God is ryk in barmhartigheid en het ons innig lief. ⁵Deur sy groot liefde het Hy ons wat dood was as gevolg van ons oortredings, saam met Christus lewend gemaak. Uit genade is julle gered!




word

⁶ Ja, in Christus Jesus het Hy ons saam met Hom opgewek uit die dood en ons saam met Hom 'n plek in die hemel gegee, ⁷sodat God ook in die tye wat kom, sou laat sien hoe geweldig groot sy genade is deur die goedheid wat Hy in Christus Jesus aan ons bewys het. ⁸Julle is inderdaad uit genade gered, deur geloof. Hierdie redding kom nie uit julleself nie; dit is 'n gawe van God.



word

Esegel 36:25 Ek sal reinigingswater oor julle uitgooi sodat julle rein kan word. Ek sal julle reinig van al julle onreinheid en van al julle afgodery. ²⁶ Ek sal julle 'n nuwe hart en 'n nuwe gees gee, Ek sal die kliphart uit julle liggaam uithaal en julle 'n hart van vleis gee. ²⁷Ek sal my Gees in julle gee en Ek sal maak dat julle volgens my voorskrifte leef en my bepalings gehoorsaam en nakom.




Johannes 3:3 Daarop sê Jesus vir hom: “Dit verseker Ek jou: As iemand nie opnuut gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie.” ⁴ Nikodemus vra Hom toe: “Hoe kan 'n mens gebore word as hy al 'n ou man is? Hy kan tog nie 'n tweede keer in sy moeder se skoot kom en gebore word nie?”



word

⁵ Jesus het geantwoord: “Dit verseker Ek jou: As iemand nie uit water en Gees gebore word nie, kan hy nie in die koninkryk van God kom nie.



Titus 3:3 Vroeër was ons ook onverstandig, ongehoorsaam, op die verkeerde pad, verslaaf aan allerlei begeertes en singenot; ons het ons lewe in kwaadwilligheid en jaloesie deurgebring; ons was haatlik en het mekaar gehaat.



word

⁴Maar toe het die goedheid van God ons Verlosser en sy liefde vir die mens verskyn. ⁵Hy het ons verlos, nie op grond van iets wat ons vir ons vrypraak gedoen het nie, maar op grond van sy eie ontferming. Dit het Hy gedoen deur die wedergeboorte wat die sonde afwas, en deur die Heilige Gees wat nuwe lewe gee. ⁶God het die Heilige Gees oorvloedig op ons uitgestort deur Jesus Christus ons Verlosser.



word

⁷ So is ons dan deur sy genade vrygespreek en het ons erfgename geword van die ewige lewe wat ons verwag.